HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 122 van 2026

18 November 2026

Geagte Ouer/Voog

HOKKIE: A-SPANNE SEUNS- EN DOGTERSTOERE MAART 2027

Ons A-seuns- en dogtershokkiespanne gaan gedurende die Maart skoolvakansie verskeie toere meemaak. Vind hier onder die nodige inligting vir alle betrokke spanne. Let wel dat spanne eers in 2027 bevestig sal word. Indien 'n leerder nie vir die A-span gekies word nie, kan die fondse wat reeds betaal is, oorgedra word na die B-span toernooi/skoolgelde.

A-Spanne Seuns:

Plek: Michaelhouse College, Natal
Koste: R4 800
Datum:

- **O. 14A en o. 16A:** 31 Maart – 2 April 2027
- **Eerstes:** 30 Maart – 2 April 2027

A-dogterspanne:

Plek: Hilton College, Natal
Koste: R4 800
Datum:

- **O. 14A, o. 15A en o16A:** 2 April – 4 April 2027
- **Eerstes:** 1 April – 4 April 2027

Betaling word op die volgende wyse hanteer:

- D6+ *Connect* – Geen bewys van betaling is nodig om te stuur nie.
- Bankbesonderhede is soos volg:

ABSA BANK
Rekeninghouer: Hoërskool Randburg
Takkode: 632005
Tjekrekening: 170 680 065
Verwysing: Leerderkode,HTOER,Naam (bv. 12345,HTOER,Jannie)

Teen einde November 2026 moet almal asseblief **R1 200** deposito betaal. Indien u verder van die afbetalingsopsie wil gebruik maak, kan u dit as volg betaal. Die finale betaling moet teen einde Februarie 2027 afgehandel wees.

Paaiement betalings	**Kostes**
November 2026 (deposito)	R1 200
Desember 2026	R1 200
Januarie 2027	R1 200
Februarie 2027	R1 200

Verdere inligting sal nader aan die toerdatums gekommunikeer word.

Vriendelike Randjiegroete

JH. Horn
Hokkie-organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof